# MEDEDELING VAN DIE REDAKSIE

PROF. DR. B. GEMSER. Aan die begin van 1957 moes die Redaksie afskeid neem van ons Voorsitter, Prof. B. Gemser. Vir byna 30 jaar was hy as professor aan die Universiteit van Pretoria verbonde. Aanvanklik was hy tegelykertyd professor en hoof van die departement Semitiese Tale in die Letterefakulteit en professor en hoof van die departement Oud-Testamentiese Wetenskap in die Teologiese Fakulteit. Later, nadat hy die departement Semitiese Tale uitgebou en 'n bekwame opvolger in die persoon van PROF. A. VAN SELMS — ons nuwe Voorsitter — gekry het, het hy alleen die hoogleeraarskap in Oud-Testamentiese Wetenskap beklee.

PROF. GEMSER het hom altyd beywer vir 'n Afrikaanse Teologiese Tydskrif ter bevordering van bybels-reformatoriese teologie in ons land. Hy was daarom dan ook een van die stigterslede van die „*Hervormde Teologiese Studies*" en van die begin af, vir die afgelope twaalf jaar, voorsitter van die redaksie.

Graag wil ons hom vir sy ywer, leiding en sy onbaatsugtige diens i.v.m. hierdie groot saak in ons Kerk en Land, baie hartlik bedank.

Vanaf begin-1957 is hy professor in die Oud-Testamentiese Wetenskap aan die Rijksuniversiteit te Groningen waar hy vroeër studeer en promoveer het. Ons wil aan hom en sy eggenote alle seën en voorspoed toebid, en i.v.m. hulle werk in Groningen die bekende spreuk toevoeg uit dié Boek wat PROF. GEMSER so goed ken en so lief het:—

„Die in het huis des HEREN geplant zijn,
in de voorhoven van onzen GOD zullen zij groeien.
Nog in den ouderdom dragen zij vrucht,
levenskrachtig en fris blijven zij,
om te verkondigen: „De HERE is recht,
mijn Rots, en geen onrecht is in Hem!"

(GEMSER se vertaling van *Psalm* 92 *verse* 14-16).

PRETORIA, B. J. ENGELBRECHT,

Mei 1957. (*Sekretaris van die Redaksie*).